

# 2

## GOD STEL KONINGS AAN OM MENSE TE LEI

### *Gesag – selfs konings moet God se wil doen*

#### **ALGEMENE DOELSTELLING**

Die kinders moet weet God gee gesag aan leiers, en hulle moet Hom dien en gehoorsaam.

#### **SPESIFIEKE DOELSTELLINGS**

##### **Kennis**

Die kinders moet weet –

- in watter volgorde watter konings regeer het; en
- God gebruik gesag om ons te vorm en gehoorsaam te maak.

##### **Gesindheid**

Die kinders moet dankbaar wees dat gesag ons lewens vorm en vir ons moontlikhede skep.

##### **Vaardigheid**

Die kinders erken die gesag van hulle ouers, en sê dankie dat hulle ouers hulle lei en leer.

#### **MEER INLIGTING (1 Samuel 10: 17-27; 2 Samuel 5: 1-5)**

In die Ou Testament het God sy wil deur profete bekendgemaak. Hierdie profete het namens God met die volk gepraat. Die Israeliete wou ook soos die ander volke 'n koning gehad het om hulle volgens God se wil te regeer. Dit het hulle vir Samuel gevra, en hy moes dit vir die Here gaan vra (1 Samuel 8). Die eerste koning van Israel was Saul wat in 1020 vC koning geword het. Daarna word Dawid koning in 1000 vC. Na Dawid word sy seun Salomo die koning, in 965 vC.

Hierdie konings van Israel het goeie sowel as swak eienskappe gehad. God het hulle almal as leiers gekies. Hulle wysheid, insig en leierseienskappe was waardevol vir die volk. Maar hulle ongehoorsaamheid, selfsug en afgodsdienste het die 12 stamme van Israel in 925 vC in twee geskeur. Dit het so gebeur: Na Salomo, het Rehabeam koning geword. Jerobeam het hierteen in opstand gekom. Israel het toe in twee geskeur. Die Noordryk (noordelike tien stamme) het Jerobeam koning gemaak, en dié gedeelte van die land is *Israel* genoem. Die Suidryk (suidelike twee stamme) het Rehabeam as koning behou, en sy ryk is *Juda* genoem.

1 en 2 Samuel en 1 Konings vertel die verhale van konings wat die volk van God geregeer het. God het aan hulle gesag gegee, maar saam met hierdie gesag het hulle ook altyd groot verantwoordelikheid ontvang. Ons sien dat wanneer hierdie konings volgens God se wil geregeer en sy oppergesag erken het, hulle 'n tyd van voorspoed beleef het. In die tye toe die konings hulle leierskap misbruik en God se oppergesag misken het, was die gevolge so ingrypend vir die hele volk, dat die beloofde toekoms van die volk uiteindelik daardeur vernietig is.

Die Bybel leer ons waardevolle feite oor gesag, veral vir gelowiges. God het mense geseën met leierseienskappe omdat daar altyd leiers nodig is tussen mense. Die kuns in leierskap is om gesag op die regte manier te verstaan. Gesag word altyd mét groot verantwoordelikheid aan 'n leier verleen. Die doel van gesag is nooit om die lewe vir mense swaar te maak nie, maar juis die teenoorgestelde: om die lewe vir almal moontlik te maak. Gesag het ook die verantwoordelikheid om misdadigers en wetteloses se verkeerde dade te straf. Dit is waarom lande 'n regstelsel het.

Om hierdie rede word ons geroep om gesag in ons lewens te aanvaar. Respek en agting vir eerlike gesagsfigure wys dat ons God se oppergesag aanvaar. Ons glo God gebruik leiers se verantwoordelike gesag om vir ons lewe en vrede te bewerk. Of dit ons ouers, voogde of grootouers is, of dit die skoolreëls en onderwysers is, of die landswet, die polisie en weermag, of ons kerk- en gemeenteleiers, aan almal word gesag verleen sodat mense gelei en beskerm kan word, en sodat almal 'n regverdige kans op lewe kan hê.

## **AANBIEDING**

### **Jy het nodig**

- Die Bybel.
- 4 kaarte met die volgende name daarop geskryf: Saul, Dawid, Salomo, Rehabeam.
- Die reël van en voorbereiding om die kinders aan 'n openbare gesagsfiguur voor te stel. Reël byvoorbeeld dat 'n polisie- of verkeersbeampte, 'n prokureur of skoolhoof die klas kom besoek, of reël 'n uitstappie na 'n polisiestasie, 'n hofgebou of 'n verkeerskantoor.
- Onthou om die ouers by die reëling van hierdie besoek te betrek.
- Indien moontlik, stel vooraf 'n onderhoud saam waarmee die gesag sowel as die verantwoordelikheid van die beampte in die gesprek beklemtoon word. Skep veral geleentheid vir die kinders om spontaan vrae te stel aan die beampte(s).

## **KOM ONS BEGIN**

Begin deur Gesang 176 te lees as 'n gebed.

*Halleluja! U is Koning.  
Ons aanbid U  
in u woning.  
U's die Alfa en Omega,  
daarom sing ons:  
Halleluja! Amen.*

## **HET HULLE ONTHOU?**

- Kyk hoeveel kinders die memoriseerteks van verlede week kan opsê. (Lê veral klem op die

belangrikheid van die weeklikse memoriseertekste sodat die kinders die gewoonte aanleer om moeite daarmee te doen.)

- Bespreek die feitetablel wat die kinders tuis moes invul, en deel die verskillende antwoorde.

<b>Aartsvader</b>	<b>Bybelgedeelte</b>	<b>Feite oor die persoon</b>
Abraham (Abram)	Genesis 12: 1-9	<ul style="list-style-type: none"> <li>• <i>Gehoorsaam aan die Here.</i></li> <li>• <i>Sy vrou was Sara.</i></li> <li>• <i>Lot was sy broer se kind.</i></li> <li>• <i>Getrek van Haran na Kanaän.</i></li> <li>• <i>Hy ontvang die belofte van 'n groot nageslag.</i></li> </ul>
Isak	Genesis 21: 1-12	<ul style="list-style-type: none"> <li>• <i>Hy is gebore toe sy pa 100 jaar oud was.</i></li> <li>• <i>Isak is besny toe hy 8 dae oud was.</i></li> <li>• <i>Sy halfbroer was Ismael.</i></li> <li>• <i>Uit hom sal Abraham se nageslag gebore word.</i></li> </ul>
Jakob	Genesis 27: 1-29	<ul style="list-style-type: none"> <li>• <i>Rebekka was sy ma.</i></li> <li>• <i>Sy vel was glad.</i></li> <li>• <i>Hy was Isak se tweede seun.</i></li> <li>• <i>Hy het sy pa bedrieg en verkul.</i></li> </ul>

### **VANDAG LEER ONS**

- Die leergeleentheid bestaan uit die besoek van die publieke gesagsfigure.
- Indien die groep op 'n uitstappie gaan, kan die res van die les aan die begin of aan die einde van die les gebeur.
- Indien die klas deur een of meer publieke gesagsfigure besoek word, kan die gesprek soos volg verloop:
  - Stel die persoon aan die groep bekend.
  - Voer 'n gesprek met die persoon oor sy of haar gesagsposisie, en probeer om die verantwoordelikheid wat met gesag gepaardgaan, te beklemtoon.
  - Die kinders moet uit die gesprek leer dat ons gesag en gesagsfigure moet respekteer omdat God gesag oor ons aanstel.
  - Skep ruimte dat die kinders spontaan vrae kan stel.

### **IETS INTERESSANT**

Gebruik die besonderhede by MEER INLIGTING en bespreek:

- Die konings van Israel tot met die skeuring van die ryk.
- Konings ontvang gesag, en saam met hierdie gesag kom groot verantwoordelikheid.
- Konings wat God as oppergesag erken het en gehoorsaam was, het voorspoed beleef.
- Konings wat God as oppergesag misken het en afgode begin dien het, se koningskap was van korte duur.
- Die Bybel leer ons om gesag te verstaan en te aanvaar en te respekteer, omdat gesag uiteindelik lewe vir almal moontlik maak.

### **IETS BELANGRIK**

- Die kinders moet uiteindelik by Les 4 in staat wees om die name van die aartsvaders, die

konings en die name uit die verhaal van Jesus (altesaam 15) in die regte volgorde weer te gee.

- Dit is dus belangrik dat die kategeet hierdie volgorde en die verwantskappe by die kinders sal inskerp.
- 'n Hulpmiddel is om die 4 name van hierdie les op die kaarte in volgorde met hulle te behandel.

### IETS OM TE DOEN

Lees die gelykenis van die verlore seun in Lukas 15: 8-32 aan die kinders voor. Deel die kinders in in groepies van twee, en laat hulle die volgende vraag met mekaar bespreek en saam beantwoord.

*Wat leer ons uit hierdie verhaal oor die doel van gesag?*

Kom weer in die groot groep byeen en laat die groepies terugvoer gee. Die volgende kan as gespreksriglyne dien:

- Die jongste seun het gedink dat God en sy pa se gesag sy lewe moeilik maak.
- Hy droom daarvoor om sy eie lewe te reël met geen gesag nie.
- Sy plan was om sy kindskap op te gee en sy pa vir sy erfdeel te vra.
- Met sy erfdeel en die kans om sy eie wil te doen met geen gesag nie, leef hy sy droomlewe.
- Die hongersnood het hom iets van die regte kant van gesag laat verstaan. Nou het hy geen gesag nie, geen reëls of verantwoordelikheid nie, maar hy het ook niks anders nie.
- Hy besef dat sy pa en God se gesag gesorg het dat hy sorgvry kon lewe.
- In sy pa se huis het hy verantwoordelikhede en hy moet gesag respekteer, maar daarmee saam ontvang hy beskerming en 'n lewe van oorvloed.

## BY DIE HUIS

### DOEN

Gebruik die besonderhede by MEER INLIGTING en pas die beskrywing in die tweede kolom by die regte naam in die eerste kolom (verbind die kolomme met lyne).

1	2
Salomo	Die naam van die noordelike 10 stamme ( <i>Israel</i> )
Israel	Koning van die Suidryk ( <i>Rehabeam</i> )
Rehabeam	Koning van die Noordryk ( <i>Jerobeam</i> )
Jerobeam	Sy pa was nie 'n koning nie ( <i>Dawid</i> )
Juda	Hy was die eerste koning van die volk ( <i>Saul</i> )
Saul	Hy was die derde koning van die volk ( <i>Salomo</i> )
Dawid	Die naam van die suidelike 2 stamme ( <i>Juda</i> )

## **LEER**

Hierdie week se memoriseerteks is:

*Gee my die gehoorsaamheid aan U dat ek u volk reg sal regeer en in alles insig sal hê, want wie kan uit homself hierdie groot volk van U regeer! (1 Konings 3: 9)*

## **AFSLUITING**

Bedank die persone of instansies wat die klasbesoek moontlik gemaak het en verseker hulle namens die kinders dat julle groep sal bid vir die belangrike werk waarmee hulle besig is.

Doen 'n spontane gebed, of reël vooraf met een van die kinders om te bid en in die gebed spesifiek te bid vir die gesagsinstansie of beampte wat by hierdie week se aanbieding betrokke was.